

die week in die nuus

Deur Jaco Visser

Groter invoer knou pluimvee- produsente

Plaaslike pluimveeprodusente sukkel om winsgewend te bly deurdat invoer, nuwe pekelregulasies en hoër voerkoste hul marges verklein.

Suid-Afrika se pluimveeprodusente is in die nood weens groter invoer en hoër voerkoste terwyl die plaaslike droogte ook hul wins knou.

Astral Foods, een van die land se drie oorblywende genoteerde pluimveeprodusente, is die eerste maatskappy wat sy resultate vir die eerste helfte van die boekjaar uitgereik het, met marges wat skerp gedaal het. Sovereign Foods van Uitenhage het beleggers vroeër gewaarsku dat sy finansiële syfers vir sy volle boekjaar wesenlik kan verskil.

"Invoer neem sterk toe," sê Chris Schutte, uitvoerende hoof van Astral. "Dit is geweldig groot en hou net aan."

Die invoer van pluimveeprodukte was in die eerste ses maande van Astral se boekjaar gelykstaande aan die produksie van 7,7 miljoen braaihoenders per week, sê hy. Dit is gelykstaande met sowat 40% van die plaaslike produksie. En dit was nog voordat Amerikaanse invoer opgedaag het.

Suid-Afrika moes die invoer van 65 000 ton pluimveeprodukte vry van streng teenstortingstariese uit Amerika toelaat om te sorg dat die land se deelname aan die Amerikaanse wet op groei en geleentheid in Afrika (Agoe) henu word. Dié wet maak tariefvrye toegang tot die Amerikaanse mark vir 'n reeks produkte van Afrika-lande moontlik.

As die volume hoender wat in Maart ingevoer is die nuwe tariefstelsel uit Amerika aangekom het, na karkasvolume omgeskakel word, was die invoer gelykstaande aan meer as 10 miljoen braaihoenders per week, of meer as 50% van die plaaslike produksie, sê Schutte. Plaaslike produsente slag sowat 19,5 miljoen hoenders per week, sê hy.

Daarby worstel pluimveeprodusente met hoër

Die invoer van pluimveeprodukte was gelykstaande aan die produksie van 7,7m. braaihoenders per week



Chris Schutte
Hoof van Astral Foods

graankoste weens die droogte. Verlede jaar se mielieoes van 9,9 miljoen ton was die kleinste in agt jaar. Vir vanjaar voorspel die Oeskattingskomitee 'n oes van net meer as 7 miljoen ton – of minder as die helfte van 2014 se rekordoes. Omdat mielies die grootste deel van pluimveeprodusente se insetkoste verteenwoordig, plaas 'n prysverhoging groter druk op die wins.

Pluimveeprodusente, veral dié wat individuele kitsbevrose hoenderporsies produseer, sal voortgaan om staatsreguleerders oor pekelregulasies te onderhandel. Die toepassing van die regering se regulasies van 85% vleis en 15% pekel toegepas word, sal die prys van dié goedkoop bron van proteïen met sowat 20% verhoog, sê Schutte. Wysigins tot die regulasies is in April in die *Staatskoerant* gepubliseer. Baie kleinhandelaars lok laerinkomste-verbruikers met individuele kitsbevrose hoenderporsies en die marges daarop is klein.

Individuele kitsbevrose porsies verteenwoordig die meeste van die invoer, sê Schutte.

Die kragte waarteen plaaslike pluimveeprodusente te staan kom, lei tot konsolidasie in die plaaslike mark. Country Bird Holdings, een van die vier groot produsente, het onlangs toenadering gesoek om Sovereign Food te koop. Country Bird is self einde 2014 deur die privaatekwiteitsmaatskappy Black River Food Fund verkry. Pioneer Foods het sy pluimveeafdeling in September 2014 as Quantum Foods afgeskei. Quantum het sy Hartbeespoort-abattoir verlede jaar aan Sovereign verkoop en sy sakemodel [in die verskaffing van dagoudkuikens aan klante] verander.

Schutte sê hy weet van drie of vier middelstag-pluimveeprodusente wat hul aan die mark wil onttrek. Daarby verminder produsente hul produksie in 'n poging om prysmededingend te bly, sê hy. ■
terugvoer@finweek.co.za

▼ Suid-Afrikaanse braaihoenderprodusente slag weekliks sowat 19,5 miljoen hoenders.



Callio Images/Getty Images/Martin Henry